**BERGLUND, STEN EN JAN ÄKE DELLERBRANT: THE NEW DEMOCRACIES IN EASTERN EUROPE. PARTY SYSTEMS AND POLITICAL CLEAVAGES.** Edward Elgar, Aldershot, 1994.

Hierdie is 'n opgedateerde uitgawe van 'n werk wat in 1991 die eerste keer verskyn het. Dit ontleed in besonderhede wat die verloop van die politieke proses in state van Estland in die noorde tot Bulgarye in die suide is, sedert die dramatiese gebeure van 1989. Die skrywers wys daarop dat daar 'n sterker outoritêre faktor in hierdie lande aanwesig is, as wat algemeen begryp en aanvaar word en wat die oorgang na 'n Westers-demokratiese stelsel daarom veel meer problematies maak, as wat aanvanklik gemeen is.